higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N420**(A)**(J3)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

(20060105)

3 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Iemand se manier van dink, optree of reageer	A	sanguinies
1.1.2	Skep 'n positiewe leeromgewing	B	vreemdelingeangs
1.1.3	Die vermoë om goed gestruktureerde visuele beelde te vorm	C	super ego
1.1.4	Kinders wat tussen die jongste en oudste broers en susters gebore is en wat jaloers voel	D	temperament
1.1.5	'n Onbesorgde ('easy-going') geaardheid	E	demokratiese onderwyser
1.1.6	Word geassosieer met plesier en realiteitsbeginsels	F	negatiewe selfbeeld
1.1.7	Vertoon angstige en senuweeagtige gevoelens wanneer mense ontmoet word	G	ego
1.1.8	Verseker beter akademiese sukses	H	outokratiese onderwyser
1.1.9	Gereserveerde en asosiale persoonlikheidseienskappe	I	positiewe selfbeeld
1.1.10	Iemand se geloof in sy/haar vermoë om iets te bereik	J	ruimtelike vaardighede
		K	flegmaties
		L	middelkindsindroom
		M	choleries
		N	selfdoeltreffendheid
		O	melancholie

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 'n Geborge moeder-kindverhouding lei tot goeie sosiale ontwikkeling.

1.2.2 Die bywoning van 'n dagsorgsentrum laat 'n kind prososiale gedrag ontwikkel.

1.2.3 Seksisme verwys na enige vorm van rasgebaseerde diskriminasie.

1.2.4 'n Outokratiese ouer is regverdig en laat respek ontwikkel.

1.2.5 Seuns se taalvaardighede ontwikkel vroeër as dié van meisies.

1.2.6 Identiteitsdiffusie kom voor as adolessente onseker is oor hul rol.

1.2.7 Seuns handhaaf hoër vlakke van selfgelding as meisies.

(10)

1.3 Verskeie opsies is gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die … soek plesier ongeag sosiale reëls en gebruike.

A id
B ego
C superego
D werklikheidsbeginsel

1.3.2 Iemand met 'n … persoonlikheid is 'n goeie administrateur ('administrator') wat presies en akkuraat werk.

A sanguiniese
B melancholiese
C flegmatiese
D choleriese

1.3.3 'n Navorsingsmetode wat gebruik word om 'n groot aantal mense teen 'n lae koste te kontak:

A foto-stem
B onderhoude
C gevallestudies
D vraelyste

1.3.4 Die … persoonlikheidstipe word gekenmerk deur aggressiewe en impulsiewe neigings.

A flegmatiese
B choleriese
C sanguiniese
D melancholiese

1.3.5 'n Indiepte, gedetailleerde analise van iemand verwys na …

A vraelyste
B onderhoude
C ondersoeke
D gevallestudies

1.3.6 Die … verwys na die etiese deel van die bewussyn.

A id
B ego
C superego
D plesierbeginsel

1.3.7 Om beide isiXhosa en Enegls in die huislike omgewing te leer, word beskou as …

A dubbeltalige tweetaligheid ('two language bilingualism')
B ondergeskikte tweetaligheid ('subordinate bilingualism')
C wegnemende tweetaligheid ('coordinate bilingualism')
D toegevoegde tweetaligheid ('compound bilingualism')

1.3.8 Stories is 'n vorm van ontvlugting, wat beteken kinders kan …

A hulle vaardighede balanseer.
B ontsnap aan die alledaagse spanning.
C 'n selfbeeld ontwikkel.
D spiere ontwikkel.

1.3.9 Wanneer 'n krisis veroorsaak dat 'n adolessent sy/haar identiteit en waardes ondersoek, word dit beskou as …

A opsegging ('foreclosure')
B identiteitsdokumentasie ('identity documentation')
C moratorium
D selfdoeltreffendheid ('self-efficacy')

1.3.10 'n Voorbeeld van 'n omgewingstressor is …

A ernstige siekte
B motorongelukke
C om jou werk te verloor
D om gewig op te tel ('weight gain')

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Ouerskap behels dat die volgende generasie geleer word om vir ons jeug 'n toekoms te bou.

Verduidelik hoe goeie en slegte ouerskap onderskeidelik 'n kind se sosialisering beïnvloed. (5 × 2) (10)

2.2 Noem DRIE voordele van psigoterapie. (3 × 2) (6)

2.3 Om deur middel van waarneming te leer, speel 'n belangrike rol tydens die kinderjare. Dit staan ook bekend as modellering.

Gee 'n oorsig van die sleutelkonsepte van waarnemingsleer. (4 × 2) (8)

2.4 Identifiseer die persoonlikheidstipe wat volgens Hippokrates met elke element wat hier onder geassosieer word:

2.4.1 Lug

2.4.2 Aarde

2.4.3 Vuur

2.4.4 Water

(4 × 1) (4)

2.5 Definieer die volgende terme:

2.5.1 Potuurgroep

2.5.2 Prososiale gedrag

(2 × 2) (4)

2.6 Bespreek VIER voordele daarvan om vir 'n kind stories te lees. (4 × 2) (8)

2.7 Lawrence Kohlberg het morele ontwikkeling in die vroeë kinderjare beklemtoon.

Identifiseer strategieë om kinders se morele ontwikkeling te bevorder. (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 3

3.1 'n Gesin se sosio-ekonomiese status beïnvloed die kind se taalontwikkeling.

Bespreek die stelling hier bo onder die volgende opskrifte:

3.1.1 Lae sosio-ekonomiese status

3.1.2 Gemiddelde sosio-ekonomiese status

3.1.3 Hoë sosio-ekonomiese status

(3 × 4) (12)

3.2 Noem VYF eienskappe van 'n demokratiese ouer. (5 × 2) (10)

3.3 Noem DRIE fisiese probleme wat uitspraakprobleme by kinders kan veroorsaak. (3)

3.4 Definieer die volgende terme:

3.4.1 Eggolalie ('echolalia')

3.4.2 'Lulling'

3.4.3 Koer ('Cooing')

(3 × 2) (6)

3.5 Lees die paragraaf hier onder en beantwoord die vrae.

Angela is 6 jaar oud en woon in Durban, KZN. Sy sukkel baie om met haar familie en vriende te kommunikeer. Haar gesin sukkel as hulle uitgaan vir ete, want Angela het ook nie gewone tafelmaniere nie. Sy reageer nie goed op harde geluide nie en kry dikwels woedeaanvalle ('tantrums'). Om hierdie rede gee haar ma vir haar tuisonderrig ('homeschooling').

3.5.1 Identifiseer die geestestoestand waaraan Angela ly. (1)

3.5.2 Noem VIER eienskappe van hierdie toestand. (4)

3.5.3 Noem VYF moontlike oorsake van hierdie toestand. (5)

3.5.4 Beveel VYF moontlike behandelingsmetodes aan vir Angela se ma. (5)

3.6 Onderskei tussen *verbale* en *nieverbale* kommunikasie. (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Adolessente ondergaan baie psigososiale en emosionele veranderinge.

4.1.1 Verduidelik hoe adolessente op hul fisiese ontwikkeling reageer. (3 × 2) (6)

4.1.2 Gee DRIE wenke vir ouers en opvoeders wat met emosionele adolessente te make het. (3 × 2) (6)

4.1.3 Noem DRIE risiko's wat adolessente loop as hulle met seks eksperimenteer. (3)

4.2 Unieke omstandighede het die struktuur en omstandighede van gesinne in Suid-Afrika die afgelope dekade beïnvloed en laat verander.

4.2.1 Definieer *kerngesin* ('nuclear family'). (1 × 2) (2)

4.2.2 Definieer *uitgebreide gesin* ('extended family'). (1 × 2) (2)

4.2.3 Is dit na jou mening 'n voordeel of 'n nadeel om deel te wees van 'n uitgebreide gesin?

Motiveer jou antwoord met VYF redes. (1 + 5) (6)

4.3 Lees die uittreksel uit 'n koerant hier onder en beantwoord die vraag.

DAILY MAVERICK

Deur Greg Nicolson



Suid-Afrika: Waar 12 miljoen in uiterste armoede leef

Verligting van armoede word as die wêreld se grootste uitdaging beskou, en dit is deel van Suid-Afrika se drievoudige krisis. Die ander twee dele is werkloosheid en ongelykheid. Statistics South Africa het in 'n verslag die nasionale en provinsiale armoedelyne opgedateer en die minimum sosiaal aanvaarbare standaard gegee wat armes van nie-armes behoort te skei.

[Bron: *www.dailymaverick.co.za*]

Verduidelik aan die hand van bostaande uittreksel hoe armoede kinders beïnvloed. (5 × 2) (10)

4.4 Onderprestasie kom voor as 'n kind onder sy/haar normale intellektuele potensiaal presteer. Onderprestasie is 'n komplekse situasie wat as 'n krisis beskou kan word as dit op die voorgrond gebring word.

4.4.1 Verduidelik VYF algemene kenmerke van onderprestasie.

4.4.2 Noem VYF oorsake van onderprestasie. 

4.4.3 Stel VYF wenke voor om onderpresteerders te help.

(3 × 5) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou